TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING: GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION: OLD PRETORIA SOCIETY

# PRETORIANA



NR/NO 115, MEI/MAY 2002

AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS
TYDSKRIFTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
DATUM: 30/05/03
VAKKODE: ZA 968
PRETORIANA 2002/115



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# AGENTSKAP WILLEM PUNT
## INVESTOR SERVICES

BROKERS SINCE 1978

Cash deposits
Long term cash investments
Mutual fund units
Off-shore investments
Assurance
Insurance
Employee benefits
Property valuations

PO BOX 35195 MENLO PARK 0102
PRETORIA SOUTH AFRICA
TEL: 27-12-361 9810 • FAX: 27-12-348 2439
E-MAIL: puntwj@worldonline.co.za


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# PRETORIANA



**TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING: GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

**JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION: OLD PRETORIA SOCIETY**

NR/NO 115 MEI/MAY 2002



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA



## INHOUDSOPGAWE/TABLE OF CONTENTS


Redaksioneel/Editorial

1

Melrose huis: gister, vandag en môre

deur **Louis Changuion**

2

Briewe van 'n Britse soldaat, gestasioneer in Fort Klapperkop

deur **Anton C. van Vollenhoven**

15

Thomas Edmund Andrews

by **Mervyn Emms**

17

Die geskiedenis van die Laerskool Mayville (1902-2002)

deur **Anton C. van Vollenhoven**

20

Nuwe bewyse vir die naam Bloedstraat

deur **Rosa Swanepoel**

30

Cecile de Ridder – Tannie Cecile volkspele

deur **Willem J. Punt**

32

Dr. Nicolaas Abraham Coetzee

deur **Willem J. Punt**

35

'n Vindplek van Iconpotwerk op die plaas Joppa, Limpopo Provinsie

deur **Anton C. van Vollenhoven, Anton J. Pelser, Frank E. Teichert & Pieter E. Kriel**

37

Voorskrifte aan outeurs/Instructions to authors

44


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# PRETORIANA



**PRETORIANA, Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria: historiese vereniging van Tshwane, Nr. 115, Mei 2002.**

**PRETORIANA, Journal of the Old Pretoria Society: historical society of Tshwane, No. 115, May 2002.**

---

## Bestuurslede/Committee members

Mnr. W.J. Punt, Voorsitter/Chairman, Blou borde/Blue plaques, Straat- en plekname/Street and Place names, tel: 361-9810, e mail: puntwj@worldonline.co.za

Mnr. F. Mohr, Sekretaris/Secretary, Penningmeester/Treasurer, Apiesrivier/Apies river, Nuusbrief/Newsletter tel: 998-8280, e-pos: f-mohr@iafrica.com.

Me. D. Offringa, Kultuurontwikkeling/Cultural Development, Waaksaamheid/ Vigilance, tel: 344-1807.

Dr. A.C. van Vollenhoven, Pretoriana, tel. 346-0168, e-pos: antonvv@tshwane.gov.za.

Me. R. Swanepoel, Argief en navorsingsbronne/Archives and Research Sources, tel: 546-5803, e-pos: rosa.s@absamail.co.za

Die posbusnommer van die sekreteriaat is 4063, Pretoria 0001.

The post office box number of the secretariat is 4063, Pretoria 0001.

**REDAKTEUR: A.C. VAN VOLLENHOVEN**

**Redaksionele adviseurs vir hierdie uitgawe**

L. Changuion (jr.)

Willem J. Punt

ISSN nr./no. 0478-1759

Kopiereg/Copyright: 2002 Genootskap Oud-Pretoria

Uitleg & ontwerp/Layout & design: V&R Drukkery

Drukwerk/Printing: V&R Drukkery

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA



## REDAKSIONEEL/EDITORIAL

This year was the last of the centenary commemoration of the Anglo-Boer War. This issue of Pretoriana, no 115, includes two articles with links to the War. Firstly, and very appropriately, one deals with Melrose House, where the Peace Treaty, which ended the War, was signed. It however discusses the history of the house and it's owner, George Heys.

Die tweede artikel bespreek interessante inligting, wat verkry is uit die briewe van 'n Britse soldaat. Hy was in Fort Klapperkop gestasioneer en gee 'n interessante en tot nog toe onbekende blik op die Pretoria van daardie tyd.

The third article is an obituary to "Mr Pretoria", Tom Andrews, who served the society for many years and who died earlier this year. He touched the lives of a lot of our members and I can give a personal account of the many things I learned from him on the history of our beloved town.

Die oudste skool in die Moot, Laerskool Mayville, is ook vanjaar 100 jaar oud. Die volgende artikel gee 'n terugblik op die interessante geskiedenis van hierdie skool. Die lesers sal verbaas staan om te sien hoe primitief die skole in daardie jare begin het, maar dat dit deur harde werk, vandag een van die spogskole in Pretoria is. Hiermee ook ons hartlike gelukwense aan die Laerskool Mayville.

The interesting history of how Bloed Street got it's name, is also discussed. Few people are aware of the story leading to this name. It is one of those interesting stories that can so easily be forgotten if it is not published.

'n Huldeblyk aan Cecile de Ridder word ook gegee. Sy was vir baie jare een van die vernaamste volkspeleleiers en het Pretoria op hierdie gebied met groot welslae verteenwoordig en gedien.

'n Huldeblyk aan dr. Nicolaas Abraham Coetzee, voormalige voorsitter van die Genootskap, word ook gelewer. Hy was vir baie jare 'n leidende persoon in die Genootskap en het met groot ywer sy bydrae tot ons kultuurhistoriese erfenis gelewer.

The last article deals with the archaeology of an Iron Age Site at Bandelierkop. Apart from the archaeological information it contains, it also gives insight into the process of Cultural Resources Management which has to be completed before any development project can commence. Although it does not have a Pretoria connection, the committee felt that it should be published, as it contains vital information on the CRM process.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



# MELROSE HUIS: GISTER, VANDAG EN MÔRE

## 'n Oorsigtelike geskiedenis van Melrose Huis en sy oorspronklike eienaar, George Heys

L.A. Changuion
Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria, Hillcrest, 0083

### Inleiding

Die geskiedenis van Melrose Huis is onlosmaaklik deel van die geskiedenis van sy oorspronlike eienaar, George Jesse Heys. Die huis staan vandag as 'n toonbeeld van die Heys-familie se voorkeure en smaak. Saam met die Tudorgebou op Kerkplein is Melrose Huis 'n fisiese vergestalting van die welvaart wat die Heys-familie in die laat-negentiende en vroeg-twintigste eeu geken het.

Publikasies oor die geskiedenis van die Heys-familie en ook van Melrose Huis is besonder skaars. Min mense is gevolglik bewus van die feit dat Melrose Huis byna ook, soos die meerderheid huise in sy omgewing, vir die nageslag verlore was. Soos later gesien sal word is die huise in die omgewing waar Melrose Huis geleë is die een na die ander in die twintigste eeu gesloop om vir woonstelgeboue plek te maak.

Hier word kortliks na die geskiedenis van die huis en sy oorspronklike eienaar gekyk. Van Heys se nederige begin as algemene handelaar tot die groei van sy koetsvervoerbesigheid wat, saam met sy ander besigheidsbelange, hom in staat gestel het om Melrose Huis op te rig.


### George Jesse Heys

George Jesse Heys, die oorspronklike eienaar van Melrose Huis, is in 1852 in Durban gebore (Figuur 1). Sy oupa het in 1834 van Lancashire na Natal geëmigreer. George het in Durban groot geword waar sy vader, Thomas Heys, onder die naam Thos. Heys. General Outfitter and Factor. Importer of Every Description of Gentlemen's Apparel handel gedryf het. Thomas Heys is twee maal getroud en het nege kinders gehad. George, wie se moeder oorlede is toe hy drie jaar oud was, was die oudste kind uit sy eerste huwelik.

Na die voltooiing van sy skoolopleiding aan Durban Boys' High School, het George Heys, op advies van sy vader, as leerling-prokureur by 'n prokureursfirma begin werk. Die aanloklikhede van die sakewêreld het Heys spoedig van die wêreld van regspleging weggerokkel en hy het 'n loopbaan as winkelier in Alice in die Oos-Kaap begin.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



**1. George Jesse Heys (1852-1939) as jongman. (Foto: Melrose Huis Museum, F143)**

Die ontdekking van diamante in 1871 by Kimberley het menige delwer en besigheidsman daarheen gelok. George Heys het dan ook in daardie jaar sy besigheid na Kimberley verskuif waar hy as algemene handelaar lewensmiddele aan die delwers voorsien het. Op 21 jarige ouderdom het hy in 1873 met Emma Jane Harris in Durban getrou. Sy was 'n kamermeisie wat kort tevore van Engeland na Suid-Afrika gekom het. Die Heyse se twee oudste dogters, Florence Pearl en Mabel Ethel is onderskeidelik in 1874 en 1879 in Kimberley gebore.

Tydens die Britse besetting van die Transvaal (1877-1881), het George Heys in 1879 weer eens sy besigheidsbelange verskuif, hierdie keer na Pretoria wat na die ontdekking van goud aan die Oos-Transvaal, 'n opbloei beleef het. In Pretoria het Heys onder die naam Heys and Company General Dealer handel gedryf. Sy eerste winkel, wat hy van Paul Henwood gehuur het, was in Kerkstraat-Oos geleë. Henwood was soos Eddie Bourke van Heys se ou Durbanse vriende. Benewens sy algemene handelaarsbesigheid in Pretoria, het Heys ook 'n reeks handelsposte in die Noord-Transvaal bedryf.

In Pretoria het die Heys-gesin hulle in 'n huis wat hulle Natal Villa noem, op die hoek van Andries- en Minnaarstraat, gevestig. Die jaar na hulle aankoms in Pretoria het die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) uitgebreek. Tydens die Oorlog het George Heys in die derde kompanie van die Pretoria Rifle Corps diensgedoen. Emma Jane Heys (by almal bekend as Janey Heys) en haar twee jong kinders was onder die vroue en kinders wat tydens die krygswet van 21 Desember 1880 tot 31 Maart 1881 in barakke in die militêre kamp gehuisves is. Binne dae nadat die krygswet in Maart 1881 opgehef is, het al die vroue en kinders die kamp verlaat.
Die oorlog het 'n hoë tol van Pretoria geëis. Vele mense het swaar finansiële verliese gely en baie wat nie vir die nuwe Boereregering kans gesien het nie, het moed verloor en weggetrek. Talle huise en besighede het gevolglik leeggestaan. George Heys het nie hierdie mense se voorbeeld gevolg nie en het weer sy winkel in Kerkstraat heropen. Hy het selfs verder gegaan en in 1882/1883 'n koetsvervoerbesigheid begin.


In 1884 het Paul Henwood dit laat blyk dat hy sy winkel vir eie belang nodig het. George Heys het toe 'n aangrensede stuk grond op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat aangeskaf. Die stuk grond was geleë oorkant die Markplein (waar die Staatsteater vandag is). Hier het Heys 'n gebou na sy eie behoeftes opgerig en sy besigheid daarin voortgesit.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dit was in hierdie tyd dat die Zuid-Afrikaansche Republiek se finansies besonder sleg daar uit gesien het. George Heys, wat op goeie voet met staatspresident Paul Kruger was, het in 1884 tussen £5000 en £10 000 aan die regering geleen sodat die staatsamptenare daarmee betaal kon word en om die regering van bankrotskap te red.

Die Heyse se derde dogter, Jesse Maud, is in 1884 in Natal Villa gebore. As welvarende besigheidsman het George Heys in Desember 1885 twee erwe gekoop in Jacob Maréstraat, toe slegs as Maréstraat bekend. Heys het daarna 'n jong Londense argitek, W.T. Vale, opdrag gegee om vir hom 'n nuwe huis te ontwerp en om toesig oor die bou daarvan te hou. Sy nuwe huis is in 1886-1887 in Jacob Maréstraat opgerig (Figuur 2). Die boumateriaal vir die huis, die meubels, loodglasvensters en selfs die gietyster-reelings vir die stoep is alles van Engeland en die Europese vasteland ingevoer.




**2. Sover bekend, die oudste foto van Melrose Huis. Die foto is voor 1895 geneem want van die 1895-aanbouings aan die westekant van die Huis is daar nog geen teken nie. Links agter op die foto kan die dak van die stallekompleks gesien word. Let ook op dat die klein sonbalkon bokant die voordeur nog nie aangebou is nie. (Foto: Melrose Huis Museum, Fotoposkaart)**

Terwyl die huis in aanbou was, het George en Janey Heys 'n reis in die buiteland onderneem terwyl die kinders by hulle grootouers in Durban agtergelaat is. Tydens hulle reis deur Skotland het die Heyse onder meer die ruïnes van die Melrose-abdy besoek. Die abdy het so 'n indruk by hulle gelaat dat hulle besluit het om hulle nuwe woning Melrose Villa te noem. Volgens oorlewering is die huis se naam ten tyde van die Britse besetting van Melrose Villa, gedurende die Anglo-Boereoorlog, na Melrose House verander. Die rede vir die naamsverandering is onbekend (Figuur 3).


In 1889 is die erf waarop die stalle later gebou is, aangekoop. Die stallekompleks bestaan uit kwartiere vir die werkers, 'n perdestal, 'n koeistal, 'n koetshuis en stoorruimtes. Die aangrensende erf, waar die Heyse se groentetuin en vrugteboord later aangelê is, is in 1891 aangekoop (Figuur 4).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



3. Die Heys-familie in die tuin van Melrose Huis. Vlnr. Janey Heys, Jessie, Pearl, Mabel en George Heys. Die foto dateer uit die laat 1880s. (Foto: Melrose Huis Museum, F4)



4. Melrose Huis in die laat 1890s. Die plantekamer en biljardkamer wat deel is van die aanbouings wat in 1895 gedoen is, is regs op die foto sigbaar. In daardie jaar is die groot eetkamer, kombuis, biljardkamer en plantekamer aangebou. (Foto: Melrose Huis Museum, F29)

## Heys & Co. Express Saloon Coaches


In 1882/1883 het George Heys met 'n koetsvervoerbesigheid begin. Te midde van hewige kompetisie met ander koetsvervoerdienste, soos Freeman Cobb, Zeederberg en Red Star, het Heys daarin geslaag om 'n sukses van sy besigheid te maak. Heys & Co., soos die maatskappy bekend gestaan het, se koetse het hoofsaaklik vier roetes gedek: van Pretoria na die eindpunt van die Kaapse spoorlyn in Kimberley, 'n weeklikse diens na Barberton met takroetes na Lydenburg en Pelgrimsrus, 'n diens na Pietersburg en 'n diens na Charlestown in Natal. Heys & Co. se koetsdiens was goed georganiseer. Op al die roetes was daar elke tien tot vyftien myl 'n skofstasie waar die spanne perde en muile vir vars spanne omgeruil kon word.

Na die ontdekking van goud in 1886 aan die Witwatersrand het Heys sy koetsdienste ook na Johannesburg uitgebrei. Spoedig was die winsgewindste van sy roetes dié tussen Johannesburg en Pretoria, met Heys en Zeederberg as die hoof-mededingers. Die besprekingskantoor vir die Heys-koetsdiens was in Kerkstraat-Wes geleë, langs die plek waar die Hoofposkantoor vandag is. Die perdestalle was naby die suid-oostelike hoek van Vermeulen- en Kochstraat (vandag Bosmanstraat) geleë.

Heys se koetsdienste na die noorde is geadverteer as "The Quickest and Most Direct Route. No Night Travelling. Civility, Comfort. Safety." Die Concord koetse wat hy gebruik het, is in Amerika vervaardig en is deur tien perde teen tien tot vyftien myl per uur getrek (Figuur 5). 'n Concord koets kon tussen 16 en 20 passasiers vervoer. Die reise het selde sonder voorval verloop. Weens



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




**5. 'n Advertensie vir Heys & Co. se koetsdienste. Die Concord koetse wat gebruik is, is van die V.S.A. af ingevoer. Weens die ruwe paaie het die koetse nie baie lank gehou nie. (Foto: Melrose Huis Museum, F233)**

die ruwe paaie en spoed waarteen die koetse beweeg het, het passasiers soms van die dak afgeval. Op 10 Desember 1897 het struikrowers een van die Heys-koetse naby Pelgrimsrus opgehou en van 3580 onse fyngoud, destyds ter waarde van £11,500, beroof. Die goud is nooit teruggevind nie.

In 1888 het Heys en Nicholaas van Alphen, die posmeester-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek, 'n kontrak gesluit waarvolgens Heys & Co. se koetse die pos sou vervoer. Volgens die kontrak sou Heys £4 550 per jaar vir die Kimberley en Barberton/Lydenburg roetes betaal word en is daar vir 1000 pd pos per koets voorsiening gemaak. Die vergoeding is in kwartaallikse paaiemente betaal en daar is ook ooreengekom dat die regering 8d per pond vir ekstra pos sou betaal.

Die kontrak het ook die posroetes deeglik vasgestel. Daar moes byvoorbeeld ses retoerritte per week tussen Pretoria en Kimberley, oor Johannesburg, Potchefstroom, Klerksdorp, Bloemhof en Christiana afgelê word. Die rit sou volgens Vivien Allen 59 uur in elke rigting duur. Tussen Pretoria en Barberton moes daar twee retoerritte per week afgelê word. Hierdie rit sou 42 uur in elke rigting duur en daar moes op Middelburg stilgehou word.

Die kontrak het ook ander interessante klousules bevat. Dit het byvoorbeeld gestipuleer dat 'n boete van £25 betaalbaar was indien vlambare stowwe of enigiets wat die pos kon beskadig, vervoer sou word. Verder moes Heys die wag van elke poskoets van 'n trompet of beuel voorsien, en moes die wag die aankoms van die koets in elke dorp met die trompet aankondig wanneer die koets die poskantoor genader het. Indien daar nagelaat is om dit te doen, moes 'n boete van 10d betaal word. Daar is ook bepaal dat die pos direk na die poskantoor van elke dorp geneem moes word alvorens daar elders in 'n dorp gestop word.

Die tye en roetes vir die vervoer van die pos is ook streng deur die kontrak bepaal. Die poskoetse is nie toegelaat om langs die roete stil te hou nie en 'n boete van £1 was betaalbaar vir elke uur wat die koets laat was. Die enigste uitsondering hiervoor was indien die maatskappy kon bewys dat die oponthoud deur riviere in vloed, swaar sneeuval of totaal onvoorsiene omstandighede veroorsaak is. Heys & Co. moes self toesien hoe die koetse riviere sou oorsteek. In daardie dae was daar geen brûe nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die aanlê van spoorlyne na Pretoria en ander dorpe in die Transvaal het 'n nuwe era in vervoer ingelui. Soos die spoorlyne uitgebrei is, is Heys genoop om sy koetsdienste in te kort. Op 31 Desember 1892 het die kontrak vir die vervoer van die pos tussen Johannesburg en Pretoria verstryk met die vertrek van die laaste koets uit Pretoria. Dit was 'n dag voor die aankoms van die eerste trein uit Johannesburg. Die Heys-koetse het tot in 1905 tussen Pretoria en Pietersburg geloop.

Die koetsdiens was 'n vermoeiende besigheid wat baie organisasie geverg het. Dat George Heys nie baie spyt was om daarvan af te sien nie kan afgelei word uit sy woorde, soos aangehaal deur sy agterkleindogter Vivien Allen, "I carried many scores of thousands of pioneers to their jobs at Johannesburg, Lydenburg, Barberton, Volksrust and Paulpietersburg. I was glad enough to retire and let horse power give way to steam."

Nadat hy sy koetsdienste beëindig het, kon George Heys hom op boerdery, een van sy ander belangstellings, toespits. Reeds voordat die Delagoabaai-spoorlyn Pretoria bereik het, het hy 'n plaas wat hy Airlie Estates genoem het, in die Oos-Transvaal gekoop. Die plaas was digby die Delagoabaai-spoorlyn in die Elandsriviervallei, naby Waterval-Onder geleë.

**Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902**

Tydens die Anglo-Boereoorlog het 'n Britse troepemag, onder aanvoering van lord Roberts, Pretoria op 5 Junie 1900 binnegeval. Aanvanklik het Roberts in die Britse residensie in Rissikstraat gebly, maar na enkele weke het hy na Melrose Huis verhuis. Dit is nie duidelik of Melrose Huis deur die Britte gekommandeer is en of George Heys uit vrye wil dit as woning aan lord Roberts gebied het nie. Met Roberts se intrek in die huis het Heys by vriende elders in Jacob Maréstraat gaan bly. Sy vrou was toe reeds in Durban by familie woonagtig terwyl die drie dogters in Londen skool gegaan het. Regdeur die oorlog het Heys by die militêre hospitale in die dorp gewerk en ook gul tot die versorging van siekes en gewondes bygedra.



**6. Melrose Huis as Britse Militêre Hoofkwartier tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Let op die wagte wat by die hek diens doen. Tweede van regs kan een van lord Kitchener se Sihk wagte gesien word wat hy uit Indië gebring het. (Foto: Melrose Huis Museum, F46)**

Melrose Huis het, ten tye van die Britse okkupasie daarvan, as die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Imperial Headquarters in South Africa bekend gestaan. Bevele is van daar af uitgestuur en vir agtien maande lank is die Britse Militêre strategie daar bepaal (Figuur 6).

In November 1900 het lord Roberts bevel aan lord Kitchener oorgegee. Na Roberts se vertrek het Kitchener Melrose Huis as sy woning en hoofkwartier gebruik. Kitchener het die huis met streng militêre dissipline bestuur. Sy kantoor was in die woonkamer of morning-room. Anders as Roberts het Kitchener nie self die huis se hoofslaapkamer gebruik nie. Hy het vir hom 'n spartaanse slaapkamertjie ingerig, in wat vandag as die klein uitstalkamer gebruik word. Die groot uitstalkamer het tydens die oorlog as kaartkamer gedien. Kaarte van die operasionele gebied het daar op die vloer oopgesprei gelê en daar is die verloop van die oorlog noukeurig beplan. Die biljardkamer was die versamelpunt vir telegramme en rapporte. Stapels daarvan het volgens oorlewering op die biljardtafel gestaan.

Alhoewel die Boere onderling by Vereeniging oor vredesluiting beraadslaag het, het onderhandelinge tussen Boer en Brit by Melrose Huis plaasgevind. Die Boereafgevaardigdes het uiteindelik op 31 Mei 1902 by Vereeniging ten gunste van vredesluiting gestem. 'n Afvaardiging, wat verteenwoordigend van die Transvaal en die Vrystaat was, is toe na Pretoria gehaas om die Britte se sperdatum vir die ondertekening van die vredesverdrag na te kom. Kort voor elfuur die aand het hulle by Melrose Huis aangekom. Daar is hulle vir 'n rukkie in die eetkamer alleen gelaat om weer deur die vredesvoorwaardes te lees. Daarna het lord Kitchener en sir Alfred Milner binnegekom en aan die hoof van die tafel aan die suidekant gaan sit. Die vier Vrystaatse afgevaardigdes het langs Kitchener (oos) plek ingeneem terwyl die ses afgevaardigdes van Transvaal langs Milner (wes) gaan sit het (Figuur 7).

Die vredesverdrag is in viervoud op perkament getik: een afskrif vir die koning van Engeland, een vir lord Kitchener, en een elk vir die Transvaalse Regering en die Vrystaatse Regering. Die eerste afskrif is vyf minute oor elf voor die waarnemende president van die Z.A.R., generaal Schalk Burger geplaas, en na hom het die ander lede van die Transvaalse afvaardiging geteken. Die Vrystaatse afgevaardigdes het daarna aan die beurt gekom. Kitchener en Milner het die dokument laaste



**7. 'n Kunstenaarsvoorstelling van die ondertekening van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902. Milner en Kiltchener kan aan die linkerkant van die foto gesien word. Die Transvaalse afgevaardigdes het aan Milner se linkerkant gesit met die Vrystaatse afgevaardigdes aan Kitchener se regterkant. (Foto: Melrose Huis Museum, F332)**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

onderteken en het daarmee die bloedigste oorlog wat tot nog toe op Suid-Afrikaanse bodem geveg is, beëindig.

Kort nadat die oorlog beëindig is, het die Britte Melrose Huis verruil vir 'n meer permanente militêre hoofkwartier in die artilleriekaserne - die terrein waar die Suid-Afrikaanse Leër se hoofkwartier vandag nog is. Die Heysfamilie het hierna na Melrose Huis teruggekeer en die gewone lewe in Melrose Huis is hervat. Nie lank na die oorlog nie is die Heys-familie deur die Britte vergoed vir die gebruik van Melrose Huis tydens die oorlog. Hierdie geld is omstreeks 1905 aangewend vir die herinrigting van die huis.


**Die lewe na die Anglo-Boereooorlog**

Alhoewel hy homself sover moontlik uit die openbare oog gehou het, is George Heys tot lid van die eerste verkose dorpsraad in Pretoria in 1903 verkies. In 1904 is hy weer herkies maar in die daaropvolgende jaar het hy weens sy ander verpligtinge bedank.

Heys was 'n uitstekende besigheidsman en het uitgebreide besigheidbelange gehad. Hy het eiendomme in Pretoria gehad en het ook versekerings- en verskepingsagentskappe besit. Saam met sy lewenslange vriend E.F. (Eddie) Bourke was Heys die eienaar van die Slaaihoekmyn naby Machadodorp. Hierdie myn was skynbaar destyds die grootste goudmyn in privaatbesit. Heys het in 1904 die kantoor- en winkelblok Tudor Chambers op Kerkplein laat oprig. Vanuit sy kantore in Tudor Chambers het hy in die jare daarna sy besigheidsbelange bestuur.

Buiten dat hy 'n besigheidsman en boer was, was Heys ook 'n vrederegter en het hy ook op die bestuur van die Dieretuin in Pretoria gedien. Verder was hy ook 'n filantroop wat gereeld en ruimhartig aan liefdadigheidorganisasies geskenk het.

In die vroeë dekades van die twintigste eeu was Melrose Huis weereens een van die bymekaarkomplekke van die uitgelese en welgestelde Pretorianers (Figuur 8). In 1911 is daar byvoorbeeld 'n bal in die eetkamer gehou. Onder die gaste was genl. Louis Botha. Ander vooraanstaande gaste was genl. Jan Smuts, 'n vriend van die Heys-familie.



**8. George Heys, heel regs, in 1928 in ligte luim saam met 'n groep vriende by die tennisbaan by Melrose Huis afgeneem. (Foto: Melrose Huis Museum, F23)**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Janey Heys is onverwags in 1929 oorlede. Dit was vir George Heys 'n groot slag en ter nagedagtenis aan sy vrou het hy die Heys Memorial Hall vir die Methodiste Kerk in Sunnyside laat oprig. Hy het ook ter ere van sy vrou die Heys Memorial Chimes geskenk wat in 1935 in die toring van die nuwe stadsaal in Pretoria geïnstalleer is.

George Heys self is kort na sy 87ste verjaardag in 1939 aan huis van sy oudste dogter in Devonshire in Engeland oorlede. Sy stoflike oorskot is na Pretoria teruggebring en hy is by sy vrou en vierde dogter (wat as baba oorlede is) in die Ou Begraafplaas begrawe.

Met George Heys se heengaan het 'n era in die geskiedenis van Melrose Huis ten einde gekom.
Sy nageslag het tot in 1968 in die huis gewoon maar die veranderende omgewing waarin die huis gestaan het, het hulle uiteindelik oorreed om dit van die hand te sit.

**Melrose Huis word 'n museum**

Dat Melrose Huis behoue gebly het, is in 'n groot mate aan die versiendheid van amptenare van die destydse Stadsraad van Pretoria te danke. In die veertiger, vyftiger en sestiger jare van die twintigste eeu het die woonbuurt waarin Melrose Huis staan groot veranderinge ondergaan. Die voorkoms en karakter van die eens deftige woonbuurt waar vooraanstaande sakemanne en openbare figure gewoon het, het geleidelik na dié van 'n woonstelbuurt verander. Een na die ander is die deftige ou wonings gesloop om vir woonstelgeboue plek te maak. Tussen 1964, met die dood van Charles Christie, en 1968 toe die huis uiteindelik deur die Stadsraad gekoop is, sou daar ernstig oor Melrose Huis se toekoms besin word.

Soos genoem, is George Heys, die oorspronklike eienaar van Melrose Huis, in 1939 oorlede. Die meeste van sy belange, waaronder Melrose Huis, is reeds in 1925 na die Heys Trust oorgedra waarvan sy skoonseun, Charles Christie, aan die hoof gestaan het. Meneer Christie is op 1 Februarie 1964 oorlede. Die Stadsraad van Pretoria se Bestuurskomitee is na sy dood deur die Heys-trustees genader met 'n versoek om aandag aan die moontlike aankoop van Melrose Huis te skenk (Figuur 9).



**9. Melrose Huis in die 1960s, soos dit gelyk het toe die Stadsraad van Pretoria dit aangekoop het. Die tuin was oorgroei en die huis het ook restourasiewerk nodig gehad. (Foto: Melrose Huis Museum, F44)**

Die Raad was te vinde vir die idee, moontlik omdat Pretoria in daardie stadium nie beskik het oor 'n eg



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Pretoria-museum, wat direk met die stad se geskiedenis verband hou nie. In hierdie opsig het Pretoria teen ander stede, soos Durban, Port Elizabeth en Johannesburg afgesteek.

Onderhandelinge tussen die Stadsraad en die Heys-trustees het toe gevolg. Weens verskille tussen die oogmerke van die Raad en dié van die Trustees, sou die onderhandelingsproses vir die aankoop van Melrose Huis byna drie jaar duur.

Die terrein waarop Melrose Huis en sy buitegeboue staan beslaan vier erwe, naamlik nommers 775, 776, 793 en 794. Melrose Huis staan gedeeltelik op erwe 775 en 776 en die Trustees wou aanvanklik slegs die twee erwe waarop die huis self staan aan die Stadsraad verkoop. Die Raad daarenteen wou al vier erwe aankoop en het die volgende redes daarvoor aangevoer:

1. Dit sou die harmonieuse ontwikkeling van die eiendom tot 'n park moontlik maak om sodoende die identiteit van die huis beter te bewaar.
2. Dit sou verhoed dat 'n onooglike toestand aan die suidekant van Melrose Huis geskep word.
3. Die stalle is ook van historiese waarde.
4. Toeganklikheid van Scheidingstraat af was nodig.

Die familie was nie daarvoor te vinde nie. Na verdere onderhandelinge het hulle wel ingestem om die noordelike dele van erwe 793 en 794 by die transaksie in te sluit. Die insluiting van hierdie dele sou die ontwikkeling van 'n museum vergemaklik. Op 30 November 1967 het die Raad amptelik besluit om die noordelike helftes van erwe 793 en 794, saam met erwe 775 en 776, asook die skilderye in die huis aan te koop. Die Raad het ook in beginsel besluit dat die meubels in die huis aangekoop moes word. Daar is ook besluit dat daar verder met die eienaars oor die aankoop van die suidelike dele van erwe 793 en 794 onderhandel moes word.

Na nog onderhandelinge is die familie oorreed om ook die res van die eiendom aan die Raad te verkoop. Uiteindelik, op 28 Februarie 1968, het die Raad besluit om, in opvolging van die Raadsbesluit van 30 November 1967, die suidelike helftes van erwe 793 en 794, Pretoria, teen 'n aansienlike bedrag, plus oordragkoste en gepaardgaande koste aan te koop.

Na hierdie besluit is die meubels en breekware in die huis sorgvuldig nagegaan en gewaardeer. Verslae is ook opgestel om aanbevelings te maak oor watter ameublement saam met die huis aangekoop moes word. Onder die redes wat aangevoer is, was dat Melrose Huis een van die enkele laat-Victoriaanse huise is wat in Pretoria behoue gebly het en dat George Heys boonop al die meubels in die huis uit die buiteland ingevoer het. Dit is juis daarom dat Melrose Huis van soveel belang is. Die huis het op sosiale gebied 'n voorbeeld aan die inwoners van die destydse Pretoria gestel.

Op 19 Maart 1968 het die Stadsraad se Bestuurskomitee besluit om die meubels saam met Melrose Huis teen 'n bykomende bedrag aan te koop. Die aankoop van Melrose Huis deur die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Stadsraad van Pretoria is afgerond toe erwe 775, 776, 793 en 794 op 13 Mei 1968 op die Stadsraad van Pretoria se naam geregistreer is. Die totale koopsom van die grond, die huis en sy inhoud was R288 000.

Tussen Mei 1968 en 1970 is die huis gerestoureer en in 'n museum omskep. Die elektriese bedrading is vervang en rookverklikkers is in elke vertrek geïnstalleer. Die buitemure is geverf. Ook die tuin het aandag gekry en grasperke en blombeddings is aangelê. Van die begin van 1970 af is daar in alle erns, vir meer as 'n jaar, aan die restourasie van die interieur van die huis gewerk. Op 17 Mei 1971 is Melrose Huis amptelik deur oud-staatspresident C.R Swart as museum geopen. Die huis is in dieselfde jaar tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar (Figuur 10).



**10. Melrose Huis soos dit vandag lyk. (Foto: Melrose Huis Museum, ongemommer)**

**Slot**

Die bewaring en instandhouding van Melrose Huis vir die nageslag is 'n prysenswaardige onderneming deur die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit (waarvan die voormalige Stadsraad van Pretoria 'n onderdeel vorm). Die huis is nie net van plaaslike belang nie, maar ook van nasionale en internasionale belang. Dit is een van die bes-bewaarde Laat-Victoriaanse huise in die land en is tekenend van die ekonomiese opbloei wat Pretoria in die laat-negentiende eeu beleef het. Tydens die Anglo-Boereoorlog was Melrose Huis vir bykans 22 maande die plek vanwaar die strategieë beplan is wat duisende Suid-Afrikaners se lewens geraak het. Melrose Huis is bowenal 'n plek van versoening - 'n plek waar daar vrede gemaak is.

**Bibliografie**

**<u>Melrose Huis Museum, Naslaanbiblioteek en Argief</u>:**

**Ongepubliseerde dokumente**

ALLEN VIVIEN, Mr Heys of Melrose House. Kopie van ongepubliseerde notas in besit van Melrose Huis Museum. 1970.

Stadsraad van Pretoria: Besluit: Raad: (D.S. 1): 1967.11.30.

Melrose-huis. Verslag van onbekende oorsprong in besit van Melrose Huis Museum. 1970.

Korrespondensie in besit van Melrose Huis Museum: Vivien Allen, agterkleindogter van George Heys – Marietjie Joubert, kurator van Melrose Huis Museum. 1985.08.09.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Tydskrif- en koerantartikels**

ARMSTRONG, E., To Historic Homes. Lantern. March 1969.
Great Coach Robbery. The Star Weekly Edition. 1897.12.11.
MACK, Z., How they lived. Habitat. February/March 1984.
Obituary. Mr. George Heys. Memories of Coaching Days in the Transvaal. South Africa. 1939.09.30.

**Publikasies**

BEYERS, C.J., Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. IV. Durban, 1981.
CITY COUNCIL OF PRETORIA, Melrose House. (information booklet on Melrose House Museum). nd.
DIE STADSRAAD VAN PRETORIA, Pretoria (1855-1955). Geskiedenis van die stad Pretoria. Pretoria, 1955.
MEIRING, H., Pretoria 125. Pretoria, 1981.
OBERHOLSTER, J.J., The Historical Monuments of South Africa. Cape Town, 1972.

**Mondelinge bronne**

FOURIE, Felicia., Lesing aan besoekers by Melrose Huis Museum. 2000.02.02.
PRETORIUS, prof. Fransjohan., Gedenklesing by Melrose Huis tydens die honderjarige herdenking van die ondertekening van die Vrede van Vereeniging. 2002.05.31.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Engadini
LANDSCAPING

*Since Grant Adam first sowed the seeds of a flourishing business several years ago, Engadini, meaning 'garden' in Zulu, has given new meaning to the art of landscape design.*

*From immaculate water pools with a touch of indigenous Africa to a spritual passage of a Japanese garden, Engadini Landscaping will always complement and reflect each individual client's unique style.*

*From a small townhouse to a multi-hectare game farm, a five star hotel to a quaint bed and breakfast, Engadini, who specialise in natural water features will add a touch of magic to any garden.*

*Experience the magical beauty of your own dream garden as we invite you to explore our magnificent landscapes on display, including African indigenous, Italian, Japanese, tropical, modern and much more.*

*Passion, nurturing and an undeniable art in landscaping has made Engadini the proud recipient of numerous awards both locally and abroad.*

*the art of landscaping*

***Services include:***

- *Industrial*
- *Domestic*
- *Office*
- *Townhouses*
- *Water features*
- *Landscaping Plans*
- *Irrigation*
- *Interior Landscaping*
- *Garden Lights*



*grant adam*

Tel: (012) 807 2688
Fax: (012) 807 2576
Cell: 082 572 7008

Cnr Lynnwood & Cura Lane
Willow Glen
Pretoria

internet: www.engadini.co.za
e-mail:grant@engadini.co.za



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



# BRIEWE VAN 'N BRITSE SOLDAAT, GESTASIONEER IN FORT KLAPPERKOP

Anton C. van Vollenhoven, Fort Klapperkop Erfenisterrein, Stad Tswane Metropolitaanse Minisipaliteit, Posbus 1454, Pretoria, 0001
Departement Antropologie en Argeologie, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002

Twee briewe, geskryf deur een van die Britse soldate wat in fort Klapperkop gestasioneer was, is onlangs in Brittanje gevind. Dit is met die vriendelike vergunning van mev. W. Ashmore aan die skrywer beskikbaar gestel.

In die eerste brief skryf ene Paul aan sy suster Je. Hierdie brief gee interessante mededelings in verband met die gebeure rondom die inname van Pretoria deur die Britse mag. Die briefskrywer dui aan dat hy lid van die 2de kompanie van die C.I.V. M.I. is. Hierdie eenheid is die City Imperial Volunteers Mounted Infantry (Persoonlike mededeling: A. Wessels).

Op 4 Junie 1900 skryf hy dat dit wil voorkom asof die Boere Pretoria ontruim, maar dat daar geweervuur naby die dorp voorkom. Om hierdie rede sal hulle nie op dieselfde dag Pretoria inneem nie. Hy meld ook dat verskeie Boere hulle in hierdie tyd kom oorgee het.

Op 6 Junie skryf hy dat hulle (op 4 Junie) sowat 6 myl van Pretoria af hulle opmars moes staak omdat die geveg te hewig was. Dan stel hy dit duidelik dat hulle op 5 Junie 1900 Pretoria ingeneem het: "We camped at our hillbase and then next morning we entered this here town." Hierdie inligting is korrek, aangesien Pretoria wel op hierdie datum ingeneem is (Van Vollenhoven 1995: 70).

Sommige inwoners van Pretoria was glo vriendelik, want hy skryf dat hy 'n persoon gevra het waar hy iets te drinke kon kry. Die persoon het hom saamgenooi en nadat hy gewas het aan hom 'n ete voorsien. hy beskryf Pretoria ook as " ...the prettiest (town) we've been near and is so well wooded and watered."

Hierna bevestig hy dat die forte ontruim was. Ook hierdie inligting stem ooreen met die histories bekende feite (Van Vollenhoven 1995: 70). Hy meld ook dat daar baie winkels in die dorp was en dat hy sou verkies om daar te bly.

Die tweede brief aan sy suster is op 17 Julie 1900 geskryf. Hy skryf die brief per adres van kolonel Grierson, die Assistent Adjudant-Generaal. Hierin vermeld hy van 'n aanval die vorige Woensdag, noord van Pretoria, wat deur die Royal Fusiliers, Border Regiment en Connaught



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Rangers afgeweer is. Hy is deur sy bevelvoerder gestuur om hulle te help om 'n geskikte kampeerplek te vind. Paul het as 'n tipe gids diens gedien, aangesien hy verskillende regimente moes vergesel na onder andere Derdepoort en Wonderboom.

Die genoemde aanval is, op 11 Julie 1900, deur die Boerekommando van generaal FA Grobler geloods. Hoewel die aanval afgeweer is, is die Britte teruggedryf na hulle kamp by Derdepoort (Cloete 2000: 169).

Op 16 Junie het hy en ander soldate na Fort Wonderboompoort gegaan, vanwaar hulle 'n geveg waargeneem het. Hy skryf: "I had a beautiful view from the fort but saw no Boers." Die enigste inligting, wat oor 'n geveg naby Pretoria op hierdie dag gevind kon word, dui daarop dat veggeneraal Ben Viljoen met drie kommando's die Britse mag van generaal Hutton by Tierpoort, Rietvlei en Olifantsfontein aangeval het. Die Boere het die oorhand gehad, maar het teruggeval toe Britse versterkings opgedaag het (Cloete 2000: 171).

By Fort Wonderboompoort het Paul 'n berig ontvang dat hy dringend pom-pom ammunisie na generaal Hamilton, naby Derdepoort, moes neem. Hy beskryf die gevaarlike pad soos volg: "The road from the fort winds tremendously and I cut across at the risk of killing my gee as it was very steep and rocky."

Paul was effe teleurgesteld met die verloop van die dag se gebeure, ant hy vermeld dat hoewel hy geweervuur kon hoor, hy nie die geveg kon sien terwyl hy onderweg was nie. Boonop was dit afgehandel teen een uur toe hy weer by die fort aangekom het. Hy kla ook oor die hitte - en dit in die hartjie van die winter!

Hy sluit die brief op 'n teleurgestelde noot af, omdat dit lyk asof hulle Pretoria binnekort gaan verlaat om Lydenburg te gaan inneem. Die vooruitsig dat die oorlog nog 'n geruime tyd kan duur, staan hom ook nie aan nie. Hy skryf:"I don't know when we shall get this beastly war over. The taile dof his show is very tiresome. Before, there was always something before us really worth doing, now we've got a beastly small force of Boers against us and a little village to look forward capturing. Isn't it beastly."

**Bronne**


Briewe van Paul aan Jen, 4 & 6 Junie 1900 & 17 Julie 1900, Mev. W.Ashmore.
Cloete, P.G. 2000. **The Anglo-Boer War a chronology.** (Pretoria: JP van der Walt).
Van vollenhoven, A.C. 1995. **Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie.** (Pretoria: Heinekor).
Persoonlike mededelings, mnr. L.S. Changuion, kurator Melrose huis Museum, Pretoria, 24.05.2002.
Persoonlike mededelings, prof. A.T. Wessels, Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, 2002.06.04.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



## THOMAS EDMUND ANDREWS 1924-2002

Tom Andrews became an institution in Pretoria, particularly as "Mr Street Names", "Mr Tours" and "Mr Graves". Pretoria and the Old Pretoria Society will miss him.

He was born in Germiston in 1924. In 1943 he joined the SA Defence Force and saw service in Italy with the SA Artillery. In 1946 he joined the well-known stationery firm of Ellams, ending his 30 years career as branch manager in Pretoria when the firm closed down in 1976.

In 1949 he married Merle Grunow and moved to Pretoria. He resumed his interest in place names and started to build up his library and considerable collection of memorabilia and artefacts associated with the history of Pretoria.

He joined the Old Pretoria Society and served on the committee for some 38 years in the various posts of assistant secretary, business manager and tour leader. He was particularly notable for having published 216 newsletters on behalf of the Society, all of which contained interesting and historically valuable data uncovered in his researches. He also completed over 30 years as the Old Pretoria Society representative on the Pretoria City Council Place Names Committee, of which he was also a founder member.

In 1994 he was made an honorary member of the Names Society of Southern Africa and was presented with his membership certificate by Dr Peter Raper, chairman of the United Nations Group of Experts on Geographical Names.

In 1988 he had published, in conjunction with Colonel Dr Jan Ploeger, a book on the street and place-names of Pretoria and was preparing a further volume on the subject when he was unfortunately immobilised by a stroke. It is hoped that his complete, but as yet unpublished, book on the subject will in due course be made available through the agency of his son Desmond.

His research notes on the graves in the Pretoria Cemetery have been donated to the Pretoria archives and his extensive research notes on street names have been donated to the Pretoria University. All of this research is available to the public for reference.

From 1972 to 1982 he became the guide to the Old Pretoria Society's bus tours and conducted over 100 tours on their behalf. As I was the organiser of these tours for the first three years, I came to know both Tom and Merle very well. He was an excellent guide with a good sense of humour and with a thorough knowledge of the history of the areas and places involved.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In 1983 and up until the year 2000 Tom and Merle continued to run bus tours monthly in a private capacity and built up a considerable group of regulars who never missed a tour.

In November 2000 Tom and Merle held a farewell social at Pioneer House in Silverton to say au revoir to his many bus tour participants as he felt that the work was becoming too stressful for him.

On 10th February 2000 Tom suffered a severe stroke, which incapacitated him until his death on Friday 5th July 2002. His vast library, photographic collection, ephemera, postcard and artefact collections were sold off in 2001 and will no doubt continue to be of great historical interest to those many who now own part of the original collections.

In Tom Andrews we have lost a valuable and dedicated historian, whose knowledge of Pretoria and its environs and of the origin of its place names, its cemeteries and the many departed and colourful personalities, will continue to live on in his writings.

Tom Andrews leaves a wife, three children and six grandchildren.

We regret his passing and convey our condolences to Merle and family.

Mervyn Emms



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

union caterers

@t

Utopia Place

840 Cura Avenue
Willow Glen

Facilities arecurrently being expanded and completion is scheduled for beginning May 2003

***SPECIAL OCCASION CATERING SPECIALISTS***

**FUNCTION HALLS & CONFERENCE FACILITIES AVAILABLE**

**TEL: (012) 807 3500**
**FAX: (012) 807 3777**
**E-MAIL: *unicater@global.co.za***
**www.unioncaterers.co.za**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



## DIE GESKIEDENIS VAN DIE LAERSKOOL MAYVILLE (1902-2002)

Anton C. van Vollenhoven, Fort Klapperkop Erfenisterrein, Posbus 1454, Pretoria, 0001
Departement Antropologie en Argeologie, Universiteit van Pretoria, 0002

### Inleiding

Die oudste skool in die Moot, die Laerskool Mayville, is vanjaar 100 jaar oud. Dit is gestig na afloop van die Anglo-Boereoorlog, wat op 31 Mei 1902 met die Vrede van Vereniging tot 'n einde gekom het. Hierna het die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n Britse kolonie, onder direkte beheer van Lord Milner geword.

Georganiseerde onderwys wat gedurende die oorlog feitlik tot stilstand gekom het, het in die konsentrasiekampe in tente herleef en is na die vrede daarbuite voortgesit. In Desember 1902 was daar nog slegs 934 kinders in konsentrasiekampskole, teenoor 'n totaal van 17 213 by die vredesluiting.

Eentalige Engelssprekende onderwysers is uit die Verenigde Koninkryk, Kanada, Australië en Nieu-Zeeland ingevoer. Onderwys is eers in die kampe en later daarbuite gegee en die kinders van die oorwonne Boerevolk moes in die vreemde medium leer en algaande verengels. Die Direkteur van Onderwys het byvoorbeeld aan Lord Milner geskryf: "But I have great hopes that many of these teachers who undertook special service would stay to go on with the work of education for the Colony, or even to marry and become mothers of children who would be taught to understand the greatness of the English Imperial idea." Baie van die onderwysers het weliswaar waardevolle diens verrig, al het die "Empire" nie, soos in die vooruitsig gestel is, die vrugte gepluk het nie.

Waar onderwystoestande in die kampe betreklik gerieflik vir die onderwysers was, was die prentjie op die platteland heel anders. "With this must be contrasted the picture of the country teacher with weather-beaten bel-tents pitched near some unroofed farmhouse, of which only one or two rooms had been made habitable by sheets of iron nailed overhead; a smokey stove, tinned rations brought from the nearest depot; no medical comforts, no companionship except that of the few neighbouring land Boers and their families; the men watching the skies for signs of a cessation of the draught, the woman counting endlessly the carnage of their homes, the children half cared for and scrambling for their meals."

Tereg gaan die direkteur, mnr Sargant, voort om te sê dat dit van die onderwysers moed vereis het om onder sulke omstandighede voort te gaan. Wat hy vergeet, is om te meld hoeveel moed



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dit van die verowerdes geverg het om hulle na onderwerping weer te wy aan die taak van heropbou, omdat hulle totaal verarm, moedeloos en beroof van hulle vryheid was. Daarby was die reënseisoen van 1902-1903 besonder ongunstig en is die droogte eers in die najaar van 1903 gebreek.

**Ontstaansgeskiedenis**

Die konsentrasiekampe is nie onmiddellik na die oorgawe verlaat nie. Die eerste plaasskole, waarvan die Laerskool Mayville een was, is binne enkele maande na die vredesluiting gestig. Die presiese stigtingsdatum van die skool is ongelukkig onbekend, omdat die beskikbare rekords geen melding daarvan maak nie. Waarskynlik is die skool teen die einde van 1902 reeds geopen. Die skooljoernaal begin met 'n inspeksierapport deur mnr HS Cooke, die destydse Inspekteur van Onderwys. Hierdie rapport is gedateer 6 Februarie 1903.

Die skool het geopen met 'n veertigtal leerlinge, met mej MR Wright as die hoof en enigste personeellid. Sy was 'n vriendelike Engelssprekende dame wat kort na haar aankoms die ouers besoek het. Sy vind hulle vriendelik maar "very anxious that Dutch should be taught as well as English."

In April van dieselfde jaar kry die skool sy eerste assistente, 'n sekere mej O'Conner. Kort hierna het mej Van der Merwe en mej Meintjies diens aanvaar. Daar word met groot lof en waardering getuig van die vriendelikheid van mej Meintjies wat Godsdiensonderrig in "Dutch' gegee het en die taal van haar leerlinge kon verstaan.

Die eerste skoolgebou was 'n markeetent, op die terrein onmiddellik noord van die huidige Eloffsdal-Wes NG-kerkgebou in Louis Trichardtstraat, ongeveer waar die pastorie vandag staan. Digby die skool is 'n hout-en-sinkkwartiere opgerig vir die eerste onderwysers. In April van dieselfde jaar word dit 'n tweeman, of liewer 'n tweevrou skool en kom daar nog 'n markeetent by.

Gedurende die reënseisoen was die tente dikwels so nat en die omgewing so kleierig, dat skoolhou vir 'n dag of wat gestaak moes word. Dit was die gevolg van oorvloedige reen, wat in die najaar van 1903 die knaende droogte gebreek het en 'n uitkoms gebring het. Tydens die droe wintermaande het skoene en baie kaalvoetjies die tentvloer en werf pulver getrap. Die koue winterwinde wat deur die tente gewaai het, het hulle met stof verdonker en die lewe in die tente vir leerlinge en onderwysers versuur.

Net na Junie 1903 is mej Wright na die Pretoriase Onderwyskollege en neem mej AB Michie waar as tydelike prinsipale, totdat mej Carroll op 28 Augustus 1903 as permanente hoof diens aanvaar. Volgens oorlewering was sy baie kwaai en uiters onsimpatiek teenoor die Afrikaanssprekende leerlinge. Dat sy nie in hierdie opsig die uitsondering was nie, getuig uit die volgende aanhaling uit 'n inspeksierapport: "The teachers of this school should give orders in a softer tone of voice."



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die taalkwessie het maar tot probleme gelei. Die Inspekteur, mnr HS Cooke, rapporteer baie ongunstig oor die uitslag van die eksamen en skryf dit toe aan die onbekwaamheid van die "Dutch teacher." Hy beveel dan ook aan dat 'n bekwame onderwyser vir Hollands aangestel word: "the more so as parents in this suburb take a real interest in the teaching of the Dutch language."

Die ouers het toe al besonder belang gestel in die skool en die skoolkomitee het die skool gereeld kom besoek en selfs gebly vir Godsdiensonderrig. Fred T Nicholson, die voorsitter van die skoolkomitee, het so 'n besoek afgele in Oktober 1904 en hy teken omtrent Godsdienslesse in Engels en Afrikaans in die skooljoernaal aan: "These were satisfactorily given."

Op 12 Augustus 1903 was daar groot blydskap onder die skoliere. By hierdie geleentheid is die markeetente ontruim en is 'n sink-en-houtgebou van drie vertrekke, met 'n staandak en 'n veranda aan die ooste- en westekant betrek. Aan die einde van 1903 is 'n baie suksesvolle konsert aangebied, met die doel om fondse in te samel vir die aankoop van 'n klavier, wat op 19 Februarie 1904, met n eerste afbetaling van R20,10 aangekoop is.

Op 2 Mei 1905 aanvaar mnr Martin Phillips diens as die skool se eerste manlike hoof. 'n Aandskool op Maandae en Donderdae word begin, wat binne 'n paar weke dertig leerlinge tel. Hy reel sommer ook onmiddellik 'n besoek aan die dieretuin. Die leerlinge loop daarheen verby die huidige Pretoria Akademiese Hospitaal en kom moeg, maar baie gelukkig en tevrede terug.

Op 26 Mei 1905 teken die hoof die dag as 'n vakansiedag aan, omdat die leerlinge stad toe is om die inspeksie van troepe deur Lord Selbourne, die Hoe Kommissaris, te besigtig. Hierdie keer het die leerlinge van die skool tot anderkant Prinsepark, destyds Lace Coarse, en terug geloop.

Ook mnr Phillips was nie juis simpatiek teenoor die verowerdes se taal en kinders nie. Hy skryf onder andere: "Many are giving up Dutch to take up Card Board and Clay Modelling." Dit met sy goedkeuring en waarskynlik onder sy aanmoediging. Mev Phillips het ook 'n paar jaar saam met haar man hier onderwys gegee. Onderwysersalarisse was nie juis hoog nie. In 1907 het n man met ongeveer R360, en 'n dame met ongeveer R330 per jaar begin.

Twee jaar na die ingebruikneming van die sinkskoolgebou, naamlik op 2 Augustus 1905, vereer Sy Eksellensie, die Hoe Kommissaris, Lord Selbourne, vergesel van mnr JC Adamson, die Waarnemende Direkteur van Onderwys en mnr HS Cooke, die plaaslike Inspekteur van Onderwys, die skool met 'n besoek wat van vroeg die voormiddag tot laat namiddag duur. Tydens hierdie besoek is daar adresse aan Sy Eksellensie en aan die Direkteur aangebied. Lord Selbourne het breedvoerig daarop geantwoord en sy vriendelikheid het 'n gunstige indruk gelaat, veral op mnr Martin Phillips, die destydse prinsipaal.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Rondom die terrein is gate gegrawe om sederbome te plant. Twee gate is spesiaal voorberei op die terrein voor die skool. In die gat teenoor die noordelike klaskamerdeur het Lord Selbourne sy seder eiehandig geplant "and delighted the heart of all present by his kind and genial manner". Die Hoe Kommissaris, wat klaarblyklik sy eie skooldae nog nie vergeet het nie, het daarop die volgende dag tot 'n vakansie vir die skool verklaar.

Ongelukkig het Lord Selbourne se boom nie oorleef nie. Die seder wat by dieselfde geleentheid deur die Waarnemende Direkteur van Onderwys geplant is, het egter oorleef en tot 'n magtige seder ontwikkel. Vir jare lank het dit die storms trotseer en stewig gestaan as 'n simbool van die groei van die opvoedingstelsel.

Die boom bet ongelukkig later van tyd afgesterf, maar die wortels daarvan word sedert 1998 by die lapa op die huidige skoolterrein as monument gehou. 'n Bronsplaat is in 1997 by die oorspronklike plek waar die boom gestaan het (die NG-pastorie) opgerig.

Die hout-en-sinkgebou, wat met soveel vreugde en entoesiasme betrek is, word skaars twee jaar later as heeltemal ondoeltreffend beskryf. Op een dag het vier kinders flou geword van die ondraaglike hitte en het die temperatuur tot 102∞ F in die gradekamer gestyg. Gedurende die winter was dit weer ontsettend koud - "like an ice house". Op 28 Mei 1907, om agtuur in die more, was die temperatuur in die een klaskamer nog 'n graad onder vriespunt en het die hoof geweier om die klaskamers voor nege-uur oop te sluit.

**'n Nuwe terrein word betree**

Die hoof en skoolkomitee het sterk vertoë vir 'n doeltreffende gebou tot die Departement van Onderwys gerig. Teen die einde van 1905 is berig ontvang dat 2500 Pond vir 'n nuwe skool goedgekeur is. In Februarie 1906 het die skoolkomitee 'n nuwe terrein verder oos (langs Paul Krugerstraat) vir die skoolgebou aangewys, omdat die ou terrein "ungetatable" sou word wanneer die gebied bebou raak. Hierdie terrein sou vir meer as 70 jaar die Laerskool Mayville huisves.

Toe daar teen die einde van die jaar nog niks van die beloofde skool tereg gekom het nie, het die klagtes oor die skoolgebou 'n klimaks bereik en is 'n ouervergadering, onder die voorsitterskap van mnr Fred Nicholson gehou. 'n Voorstel dat die ouers weier om hulle kinders na die skool te stuur, is met een teenstem aanvaar. Hierdie teenstem het die voorsitter so ontstig dat hy die vergadering boos verlaat het.

Teen Augustus 1907 is tenders gevra vir die nuwe skool en in September van dieselfde jaar is die skoolbanke oorgedra na die destydse NG kerkie in Eloffstraat. Hierdie kerkie was baie lank die enigste kerkgebou in die Moot. Later was dit die kerkgebou vir die NG-gemeente Eloffsdalwes en op die oomblik word dit deur die NH-gemeente Wonderboompoort gebruik.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die vreugde waarmee in die kerk ingetrek is, was maar van korte duur. Vier onderwysers in een lokaal het op mekaar en op die senuwees van hulle leerlinge gewerk.

Teen die einde van November is 'n aanvang met die bouwerk vir die nuwe skool gemaak en op 4 Januarie 1908, gedurende die skoolvakansie, is die huidige sandsteen-hoeksteen deur generaal JC Smuts, die destydse Koloniale Sekretaris, gelê. Op 9 Mei van dieselfde jaar is die nuwe rooibaksteen skoolgebou, met die eerste vyf klaskamers van die vorige gebou, deur Lord Selbourne geopen. Die ou skoolgebou is as houtwerksentrum behou.

In Januarie 1908 het mej Wagner, later dosent aan die Onderwyskollege, by die Laerskool Mayville diens aanvaar. Sy was besonder gewild onder die Afrikaanssprekende ouers en kinders omdat sy een van hulle was.

Op 6 Oktober 1909 het mnr Lambert H Lee, mnr Martin Phillips opgevolg en aan die roer van sake gebly tot in Julie 1938. Hy was getroud met 'n Afrikaanssprekende dame, wat vir meer as 17 jaar lank as sy assistente hier werksaam was. Die Inspekteur van Onderwys, mnr FS Malan, betuig in sy rapport van 5 September 1939 dank aan hom vir 29 jaar diens as hoof van hierdie skool en se: "Mr Lee's name will always be gratefully associated with the Mayville school to which he has devoted the best part of his life. A word of appreciation is also due to Mrs Lee who served the school as an assistant for 17 years."

In Januarie 1913 kla mnr Lee weer eens oor klaskamerruimte. In 1916 was dit weer nodig om van markeetente gebruik te maak, terwyl nuwe klaskamers in aanbou is. Hierdie nuwe klaskamers is na die wintervakansie betrek.

Op 8 Oktober 1918 het die Spaanse griep sy eerste verskyning by die skool gemaak toe mev Bam die hoof in kennis gestel het dat haar seun aan die siekte ly, maar dat die mediese inspekteur hom verlof gegee het om die skool by te woon. Op 11 Oktober was daar egter reeds 84 leerlinge afwesig en word die skool deur die mediese inspekteur van die Munisipaliteit van Innesdale gesluit.

Vanaf 2 tot 25 November word die skool in 'n hospitaal omskep. Die hoof, mnr Lambert Lee en mev Lee, sowel as mev Lawrie, het hulle beskikbaar gestel om diens in die hospitaal te verrig.

In 1923 is die nuwe houtwerkkamer, wat later as saal gebruik is, in gebruik geneem en is die ou gebou en terrein finaal verlaat. In September 1937 beveel die plaaslike inspekteur soos volg aan: "The Mayville school is of such a permanent nature that the addition of a central assembly hall should not be postponed for long." Hierdie hoop is eers op 17 Junie 1961 vervul, toe mnr AJ Koen, die destydse Direkteur van Onderwys, die hoeksteen van die saal gelê het.

Op 2 Augustus 1938 het mnr DC Coetzee, Oom Dan, soos hy algemeen bekend was, mnr Lee opgevolg. Op hierdie dag word die "Log Book" vervang met die Skooljoernaal en verskyn



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die eerste woorde in Afrikaans aan hierdie skool – "Die skool het vandag weer heropen na die wintervakansie."

In 1938 moes weer ekstra akkommodasie gevind word en is daar gebruik gemaak van die "New Scout Hall" - die bioskoopsaal. Die skoolterrein is vir die tweede keer vergroot , hierdie keer met twee erwe. In 1940 is vier klaskamers aangebou en kon die gebou weer al die leerlinge huisves.

Op 31 Julie 1945 word 'n ideaal van die gemeenskap vervul, toe die Laerskool Mayville 'n Afrikaansmediumskool geword het. Dit was gepas, aangesien die gemeenskap oorwegend Afrikaanssprekend was. Die geskiedkundige gebeurtenis word slegs met n enkele sin in die skooljoernaal aangedui: "Die skool is nou 'n Afrikaansmediumskool omdat die Engelsmediumklasse na Capital Parkskool oorgeplaas is."

In Januarie 1949 word die Gereformeerde Kerksaal as addisionele klaskamer gehuur en word 'n begin gemaak met die aanbou van nog drie nuwe klaskamers, wat in dieselfde jaar betrek word. In 1952 is twee verdere klaskamers aan die suidwestekant van die ou gebou bygevoeg en in 1954, die jaar waarin mnr Coetzee afgetree het, is nog vier klaskamers as 'n verlenging in 'n suidelike rigting van die los gebou voltooi. Die personeelkamer is terselfdertyd vergroot.

Mnr Dan Coetzee het onuitwisbare spore by die skool nagelaat gedurende die net meer as 16 jaar wat hy aan die roer was. Hy het veral baie moeite gedoen met die uitbreiding en verfraaiing van die skoolterrein. Op 7 Maart 1956 verskyn 'n enkele inskrywing in die joernaal: "Mnr DC Coetzee, Oom Dan, is vanmôre oorlede."

Op 19 Januarie 1955 het mnr DJ Haupt die leisels van die Laerskool Mayville oorgeneem. In die kort tydjie wat hy hier die hoof was, het hy veel vermag. In April 1955 plaas hy die skoolfondsrekening oor na Volkskas bank. In Januarie 1956 stig by die Hans Dons Voortrekkerkommando en word self die eerste Kommandant.

Op 25 April 1956 word die eerste ouervereniging gestig wat tot hede suksesvol funksioneer, terwyl 'n nuwe interkomstelsel in Mei van dieselfde jaar geinstalleer word. In dieselfde jaar is die laaste twee erwe in die suidoostelike hoek van die terrein, aangrensend aan Fred Nicholsonstraat en Mansfieldlaan, deur die skool in besit geneem. Die jaar daarop is dit gelyk gestoot en met gras beplant.

Vanaf 1957 presteer die rugby- sowel as die atletiekspanne buitengewoon goed en wen verskeie wyks- en stadskompetisies. Onder die leiding van mnr Haupt word 'n gedenkalbum, ter viering van die skool se 55ste verjaardag, in 1958 gepubliseer (1903 is toe nog as die stigtingsdatum van die skool aanvaar).

Op 21 Oktober 1958 gaan hy met siekteverlof tot aan die einde van die kwartaal en ondergaan 'n operasie op 22 Oktober. Hoewel die operasie 'n sukses was, het hy blykbaar nie weer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

ten volle herstel nie en op 5 Februarie 1959 word die volgende deur die waarnemende hoof in die skooljoernaal opgeteken: "Mnr DJ Haupt, ons hoof, is gisteraand om 8:30 oorlede."

Op 1 Januarie 1960 word mnr JF Becker, nadat by die vorige jaar waargeneem het, as die nuwe permanente hoof aangestel. Mnr Becker het diep spore by die skool gestap en het veral baie gedoen om die fisiese geriewe te verbeter. Op 11 Desember 1961 word die saal, waarvan mnr AJ Koen op 17 Junie die hoeksteen gelê het, met 'n skoolkonsert in gebruik geneem. Die ouers en die gemeenskap was net so bly as die personeel en leerlinge want dit was toe die enigste ruim saal in die omgewing. Die ou saaltjie, wat groot diens in die verlede verrig het, is nou afgebreek.

In Oktober 1961 word die skool ingeskakel by die munisipale rioolstelsel, wat 'n baie groot verbetering op die bestaande geriewe was. Gedurende 1962 is 'n volwaardige biblioteek, wat voldoen aan al die vereistes van die Transvaalse Onderwysdepartement, aangebou. Die terrein is verder met verskillende sierbome, struike en gras beplant.

Op 24 Februarie 1964 kry die skool sy eerste sentrale verwarmingstelsel en word die personeelkamer omskep in die ketelkamer. Slegs diegene wat weet hoe koud dit by hierdie skool kon word, kon hierdie verbetering ten volle waardeer.

Die inskrywingsgetal van die skool het gedurende die jare stelselmatig gestyg en aan die begin van 1966 sy toppunt bereik toe die totaal op 862 leerlinge te staan gekom het, met 28 leerkragte om hulle te onderrig. In hierdie jaar, op 7 Maart, is mnr Becker ook verkies tot burgemeester van Pretoria.

Aan die einde van 1969 word hy na die Pretoriase Onderwyskollege gesekondeer, waar hy in 1970 'n permanente aanstelling as Senior Dosent ontvang. Nadat mnr FWOG Kaiser, die adjunk-hoof, vir 'n aantal termyne waargeneem het, aanvaar mnr PSN Swart op 20 Julie 1971 die pos as hoof. Mnr Swart het diep spore in die geskiedenis van die Laerskool Mayville getrap en hoewel die ou skoolterrein onder sy leiding opgegradeer is, het hy hom beywer vir die oorplasing van die skool na die nuwe terrein.

Huidige terrein word in gebruik geneem

In 1970 bet die Provinsiale Administrasie, op vertoë van die skoolkomitee, die terrein waarop prof AI Malan gewoon het, aangekoop, met die doel om die skool daarheen oor te plaas. Die terrein is twee straatblokke oos van die skool geleë, tussen Benita- en Morganlaan en Louis Trichardt- en Fred Nicholsonstraat.

Dit sou egter geruime tyd duur voor hierdie ideaal verwesenlik kon word. Eers in 1978 is die Departement versoek om die terrein te ontbos en die huis daarop te sloop, sodat die skool self die sportterrein kon ontwikkel, aangesien die fasiliteite by die huidige skool nie voldoende was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nie. Aan hierdie versoek is voldoen en die terrein is op 31 Julie 1979 aan die skool oorhandig vir verdere ontwikkeling. Dit was dieselfde dag waarop mnr Swart afgetree het.

Hy was later 'n lid van die Transvaalse Provinsiale Raad. Op 13 Augustus 1998 is hy oorlede. In die skoojoernaal staan opgeteken: 'Mnr PSN Swart, hoof van ons skool 1971-1979, is om 13:00 aan n hartaanval oorlede in die geseënde ouderdom van 84 jaar. Ons eer sy gedagtenis."

Die adjunk-hoof, mnr WH Botha, het in sy plek waargeneem en is op 1 Augustus 1980 as skoolhoof aangestel. Met die hulp van ouers, onderwysers en die leerlinge is daar met die ontwikkeling van die sportterrein, wat uit rugbyvelde, 'n atletiekbaan en korfbalbane bestaan het, begin. Die sportterrein is op 9 Februarie 1980 in gebruik geneem en is deur die voormalige skoolhoof, mnr PSN Swart, geopen. Die terrein is ook na hom vernoem. Die rugbyveld en korfbalbane is op 22 Maart 1980 in gebruik geneem.

Onder die leiding van mnr Botha is die trek na die nuwe terrein uitgevoer en is die skoolterrein ontwikkel met die pragtige tuine en ander geriewe waarmee dit vandag nog spog. Die planne vir die nuwe geboue, wat vir 750 leerlinge voorsiening maak, is op 18 April 1980 goedgekeur en die bouwerk het in Januarie 1981 'n aanvang geneem. Uiteindelik het die groot dag, waarna die skool en gemeenskap so lank uitgesien het, aangebreek. Op 6 September 1982 is daar plegtig van die ou skool afskeid geneem en op 7 September het die trek na die nuwe skool begin.

Die trek het drie dae geduur en elke leerling het sy eie stoel en tafel na sy nuwe klaskamer gedra. Teen 13 September 1982 was alles by die nuwe skool in orde en kon daar weer volstoom met die werksaamhede voortgegaan word. Hierdie datum staan sedertdien as die verjaardag van die skool bekend.

Gedurende die loop van die jaar is die skooltuin uitgelê, 'n taak wat die skoolhoof, mnr WH Botha, self verrig het. Meer bome en struike is deur die jare aangeplant en die skool het in 1987 en 1989-1991 die skooltuinkompetisie van die Genootskap Oud-Pretoria gewen.

Op 15 Oktober 1982 is die eerste byeenkoms in die nuwe skoolsaal gehou, toe prof PG Nel as spreker tydens 'n Heldedagviering opgetree het. Die saal is op 10 November 1982 amptelik in gebruik geneem, met die opvoering van 'n operette deur die leerlinge. Die amptelike opening en hoeksteenlegging van die skool is op 12 Februarie 1983 deur die Administrateur van Transvaal, Sy Edele dr WA Cruywagen, waargeneem.

Verdere ontwikkelinge het mettertyd gevolg. Die pawiljoen by die sportveld is opgegradeer om as verversingslokale en busloods diens te doen. Dit is op 24 Januarie 1985 in gebruik geneem en is later ook van elektriese krag en spreiligte voorsien. Verskeie ander verbeterings is ook later aangebring.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Sy Edele, generaal Magnus Malan, Minister van Verdediging, wat op die terrein opgegroei het, het die skool op 27 November 1985 besoek. Hy het 'n foto van sy vader, prof Avril Malan, en 'n landsvlag wat by die Parlementsgebou in Kaapstad gewapper het, aan die skool geskenk.

Alle bande met die ou skoolterrein is verbreek toe dit aan die einde van 1987 aan die Prospectus Novus skool gegee is. 'n Tweede rugbyveld, meer korfbalbane en 'n lapa is ook toegevoeg. Sedert 1995 word 'n oop stuk veld suidwes van die skool van die Stadsraad van Pretoria gehuur, sodat meer sportgeriewe daar ingerig kan word.

Op 1 Augustus 1992 word die skool 'n Staatsondersteunde model C-skool, wat beteken het dat die ouers, via die bestuursliggaam, groter inspraak in die bestuur van die skool gekry het. In 1995 word die skool vir alle rassegroepe oopgestel, maar die voertaal daarvan het steeds Afrikaans gebly. Die skool betree in 2001 ook die kleuteronderwys, nadat die Les Marais pre-primere skool by Mayville ingelyf is.

Mnr Botha het ook diep spore in die Laerskool Rugbyadministrasie getrap en was lank die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Laerskole Rugbyvereniging. Hy was ook by verskeie kultuurorganisasies en aktiwiteite in die gemeenskap betrokke. In 1978 en 2001 neem hy ook die leiding met die uitgee van gedenkbundels vir onderskeidelik die 75ste en 100ste bestaansjare van die skool.

Hy tree op 31 Desember 2001 af, na sowat 28 jaar by Laerskool Mayville. Op 1 Julie 2002 word mnr GL van Niekerk die nuwe skoolhoof, nadat die adjunkhoof, mnr JG Loots vir 'n tyd lank waargeneem het.


Gedurende die afgelope 100 jaar was daar baie leerkragte by die Laerskool Mayville werksaam - onderwysers en onderwyseresse wat hier hulle merk gemaak het. Die skool het oor die afgelope 100 jaar 'n onlosmaaklike deel van die gemeenskap in sy omgewing gevorm en het 'n belangrike rol in die opvoeding van menige jong Afrikaners vervul. Die Laerskool Mayville sal oor die volgende 100 jaar waarskynlik voortgaan om 'n invloed in hierdie verband uit te oefen.

**Bronne**

Botha, W.H. (red.) e.a. 1978. Gedenkblad Laerskool Mayville 1903-1978. (Pretoria: V&R Drukkers).
Dowd, J. (red.) Bygestaan deur A.C. van Vollenhoven. 2001. Eeufeesgedenkalbum Laerskool Mayville 1902-2002. (Pretoria: STN Drukkers).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




# Need a **home loan?**

- Affiliated to all major banks
- Best possible interest rates
- Fastest turnaround time
- No forms to complete
- No costs involved

**Wizard**

*Making Mortgage Magic*




Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



## NUWE BEWYSE VIR DIE NAAM BLOEDSTRAAT.

Deur Rosa Swanepoel

Hierdie naam het 'n interessante geskiedenis. Gedurende die sogenaamde burgeroorlog is daar 'n wag geplaas om die huis waarin die opstandige generaal Stefanus Schoeman hom destyds gehou het. Onbewus hiervan ry Jacobus Francois Du Toit, seun van A.F. du Toit, op 'n Sondagoggend, 14 September 1862, daarheen. Weens 'n sterk wind hoor hy nie die wag toe die hom beveel om te stop nie. Daarop bars 16 geweerskote op hom los. Hy self word in die skouer gewond en sy perd word onder hom doodgeskiet. Vandaar die naam Bloedstraat. [PR-001 p17] en [AND-01 p14].

Die volgende brief, geskryf deur A.F. du Toit (wat bogenoemde stelling staaf) is opgeneem in die Notule van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel VI [ARG-06 p181]. Die brief is gedateer, Koedoespoort 17 Julie 1865.

Hy bekla sy lot en skryf dat hy in 'n treurige en droewige armoede ingedompel is. Volgens hom het ander persone, o.m. St. Schoeman en sy seun Hendrik, vergoeding ontvang vir skade wat hulle gely het. Hy eis die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Sy wettige salaris vir 2 jaar en ses maande .................................... | Rds. | 2500 |
| Dan myn paard gedood agter silkaarsnek, kost my selfs .................... | | 500 |
| Myn paard gedood op Zondag, die my self meer kost dan ................. | | 1000 |
| Voor myn soon Jacobus een jaarlyks onderhoud naar U geweten ......... | | |
| En dan de gestolen geld van myn soon Andries uit zyn sak toen hy in De blok lag 15, pyp 3 .................................................. | | 240 |

Hy vra dat hulle sy saak voor die Volksraad sal lê of hom die geleentheid sal gee om dit te doen. (Dit lyk asof sy seun Jacobus sodanig beseer is dat hy jaarliks onderhoud nodig het.)

Op 20 Julie 1865 ontvang hy die volgende antwoord van H. van der Linden: Die droewige toestande van die land laat nie toe dat privaat sake behandel kan word nie. Dit lyk dus nie asof hy sy geld ontvang het nie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Bibliografie**

AND-01 Andrews, Tom e.a. **Straat- en Plekname van Ou-Pretoria** 1989 J.L. van Schaik.

ARG-06 Breytenbach, J.H. **Notule van S.A.Rep Volksraad deel 6** [1866-1867] 1956 Cape Times Limited.

PR-001 **Pretoriana** Deel 1 Nommer 1 1951
F.J. du T. Spies. Die oorsprong van ons straatmane.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



# CECILE DE RIDDER – TANNIE CECILE VOLKSPELE

deur Willem J. Punt

Cecile Hendrika Johanna Punt is gebore op 15 November 1901 te Arnhem, Nederland en oorlede in Pretoria op 1 September 2002.

Sy was die tweede kind van Jacob Punt en Cecile Ruwers. Haar ouer broer was die bekende historikus dr WHJ Punt en haar jonger suster was Cobie, bekend in teater– en danskringe as Cobie Court.

Haar vader Jacob het uit Amsterdam na die ZAR in 1892 gekom om hom aan te sluit by die Nederlands Zuid-Afrikaanse Spoorweg Maatschappij. In 1896 het Willem Ruwers ook na die ZAR gekom om by die NZASM te werk. So het Jacob Punt en Cecile Ruwers, Willem Ruwers se dogter, mekaar ontmoet.

Jacob Punt het geweier om 'n eed van getrouheid aan die Britse besetters af te lê en is gedeporteer na Nederland, waar Cecile en 'n broer Johannes gebore is.

In 1904 was die gesin terug in Pretoria waar Johannes vroeg oorlede is.

In 1925 trou Cecile met Johannes (Dries) de Ridder. Uit die huwelik is gebore Johan, Dries en Cecile (Didi). Johannes de Ridder was 'n staatsamptenaar - in die 20tiger jare was hy sekretaris van die kommissie wat die Krugerwildtuin beplan het. Hy het in 1958 afgetree as sekretaris van Volkswelsyn. Hy is in 1960 oorlede.

Cecile de Ridder het landswyd en oorsee bekend geword as Tannie Cecile Volkspele. In 1941 het die Sosiale Klub van die Gereformeerde Kerk Pretoria-oos haar afgevaardig na die eerste volkspelekursus in Heidelberg, Transvaal. Sy was so begeester deur die ervaring dat sy al haar kragte aan volkspele begin wy het en spoedig tot 'n nasionale leidster verkies is Die beweging het gegroei tot 'n groot landswye kultuurbeweging wat groot aftrek onder Afrikanerjongmense geniet het.

Tannie Cecile het 'n nuwe dimensie aan volkspele toegevoeg met haar massa volkspelevertonings, soos by die Pretoriase Jakarandafeeste en die 1952 Van Riebeeckfees in Kaapstad waar 70 000 toeskouers die stadion volgepak het om die vertoning deur 4 400 volkspelers te sien.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

'n Besondere hoogtepunt in haar loopbaan was die Volkspelevertoning in die Amfiteater by die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949. Die ossewatablo met 2 000 spelers het 250 000 mense betower. Sy was ook die leidster in 1955 met Pretoria se eeufees, waar daar die reuse Volkspele-opvoering deur 3 000 spelers op Loftus Versfeld gehou is.

'n Heel besondere geleentheid was die 1953 Volkspeletoer na Europa, veral Nederland en Vlaandere. Dit was 'n reuse sukses met Tannie Cecile as afrigter en die bekende dr SH Pellisier as toervader, aan die spits.

Mev de Ridder het ook op ander gebiede haar insette in die lief en leed van ander daadwerklik gemaak, soos die Bond van Ooms en Tantes, Kinderhawe in Pretoria-wes en die Peter Cruse Musiekbeurs vir blinde kinders. In 1918 met die Groot Griep het sy in die Staatsmodelskool as hulpverpleegster gewerk.

Haar belangstelling in plaaslike geskiedenis het ook praktiese uiting gekry in 'n reeks radiopraatjies oor oud-Pretoria. Sy was sekretaris en voorsitter van die klub "Ontmoet die Suid-Afrikaners" wat hulle daarop toegelê het om buitelandse besoekers van gasvryheid en vriendskap te bedien.

Cecile de Ridder was 'n merkwaardige vrou wat 'n heel besonderse bydrae op kultuurgebied aan haar medemens, haar stad en land gelewer het.

Willem J Punt
Voorsitter



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



WATERMAX
SONKRAGPOMPE

MOENIE VERBAAS WEES AS U 'N WATERMAX RAAKLOOP IN SPANJE, PORTUGAL, AUSTRALIË, AMERIKA, MEXIKO KANADA, DOMINIKAANSE REPUBLIEK OF AFRIKA NIE! DIE HELE WÊRELD WEND HULLE TOENEMEND TOT DIE WATERMAX!

POMPE MET TROTS VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VAN HOË KWALITEIT VLEKVRYE STAAL EN BRONS. GEEN PYPE WAT ROES NIE. PRODUKTE BESKIKBAAR SEDERT 1989 (12 JAAR) - DUS DEEGLIK GETOETS DEUR DIE JARE! 24 MAANDE WAARBORG. KAN MET VLOTTERSKAKELAAR WERK. POMPE KAN DROOG LOOP. POMPE KAN MAKLIK VERSKUIF WORD VAN KAMP TOT KAMP.

Paul Krugerstraat 4, Pretoria,
Posbus 1238, Pretoria, 0001
Tel (012) 326-6330
Faks (012) 326-4435
e-pos: info@sunlec.co.za
Web: www.sunlec.co.za

Sunlec





Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



## Dr NICOLAAS ABRAHAM COETZEE

11 September 1911 – 13 Februarie 2003




Die Genootskap se hooggewaardeerde voormalige voorsitter het om 02:10 op 13 Februarie 2003 stil heengegaan.

Hy het groot bydraes gelewer as onderwysman o.a. by Afrikaans Hoër Seunskool en Technikon Pretoria. As kultuurmens het hy ewe groot bydraes tot die plaaslike geskiedenis deur o.a. die Genootskap gelewer en tot die genealogie soos deur sy navorsing oor die Coetzees. As mens was hy ook 'n besondere mens, 'n vriend, kollega, medewerker toeganklik vir iedereen. Hy was 'n vriendelike beskeie persoon wat andere altyd geag het. Ons wat sy vriende was, ons wat lede van die Genootskap is, sal Nico nog baie lank met waardering onthou.

Aan sy geagte vrou Annatjie, 'n ewe gewaardeerde vriending van die Genootskap, en aan die kinders, kleinkinders en agterkleinkinders, ons meegevoel en beste wense.

Die gedig deur Nico vertel veel van die gevoelsmens Nico Coetzee.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Verlange na die Karoo

Ek verlang nog altyd na my jeugland –
my Karooland met jare van heimwee oordek!
Elke dag herbeleef ek – Karooland –
weer jou reënlug met ganna deurtrek,
in die nanag die maand op die velde
met die hasies in heimlike trou,
die vroeg vroeë lig in die ooste,
net so fris op die bossie die dou,
in die oggend te perd met die skape
op die eensame vlakte die dag tegemoet
as die lewerkies opstyg tot hoog in die bloute
dan weer afdaal met hul heldere groet,
in die middag die son deurdrenk op die rante,
die so heimlike verlange met jou laat westergloed!

Daal die aande ook nou nog so wyd en met stilte
dan gaan slaap die Karoo ... die Karoo in my bloed!

******

Daal die einde ook eendag so wyd en met stilte
dan gaan slaap die Karoo ... die Karoo in my bloed!

Uit die Skatkamers
N.A. Coetzee

Willem J Punt
Voorsitter



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA



# 'N VINDPLEK VAN ICONPOTWERK OP DIE PLAAS JOPPA, LIMPOPO PROVINSIE

Anton C. van Vollenhoven, Archaetnos, Posbus 31064, Wonderboompoort,
Pretoria, 0033, Republiek van Suid-Afrika
Anton J. Pelser, Frank E. Teichert & Pieter. E. Kriel

**Abstract**

A survey of cultural resources was done on the site of the proposed Capricorn toll plaza in the Limpopo Province. This led to the excavation of an archaeological site on which Icon pottery was found. Although the site is of no major importance, it is an important discovery to mention, as it is one of only a few recorded finds of Icon pottery.

**Abstrakte**

'n Opname van kultuurhulpbronne is op die terrein uitgevoer, waar die voorgestelde Capricorn tolplaza in die Limpopo Provinsie opgerig sou word. Dit het tot die opgrawing van 'n argeologiese terrein gelei. Op die terrein is seldsame Iconpotwerk gevind. Aangesien dit een van slegs enkele bekende vindplekke van Iconpotwerk is, is dit 'n belangrike mededeling, hoewel die terrein op sigself nie van veel belang is nie.

## Inleiding


Die plaas Joppa 473 LS is naby die dorpie Bandelierkop in die distrik Soutpansberg geleë (figuur 1). Die N1-hoofweg loop deur 'n gedeelte van die plaas. Gedurende die beplanning vir die oprig van 'n tolhek op hierdie gedeelte, is 'n omgewingsimpakstudie onderneem.

Tydens die studie, wat ook 'n ondersoek na kultuurhulpbronne ingesluit het, is oorblyfsels uit die Ystertydperk geïdentifiseer. Aanbevelings is gemaak dat die terrein deur middel van argeologiese opgrawings ondersoek moet word (Van Vollenhoven & Pelser 1998: 5-8). Hierdie artikel bespreek die resultate van hierdie fase 1 en fase 2 kultuurhulpbronondersoeke.

Die plantegroei van die gebied wat ondersoek is bestaan uit gemengde en suur Bosveld (Acocks 1988). Die oorspronklike plantegroei word steeds op die terrein aangetref aangesien dit vir veeweiding en jag aangewend word (Persoonlike kommunikasie: M. Vermaas). Die geologie van die gebied sluit gesteentes soos graniet, diabaas, kwartsiet, hornfels, lawa, chert en sandsteen in.




Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




**1. Ligging van Bandelierkop en die ondersoekgebied in die Noordelike provinsie.**

- • **Bandelierkop**
- ▪ **Ondersoekgebied**




**2. Ligging van die plaas Joppa en die 3 geïdentifiseerde terreine daarop aangedui.**



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die terrein is gelyk, sonder enige noemenswaardige helling of uitstaande reliëfpunte. Gevolglik bestaan daar geen natuurlike skuiling of materiaal vir die bou van klipmure nie. Geen permanente waterbron word in die nabyheid van die terrein aangetref nie, sodat die vestiging van groot getalle mense onwaarskynlik is.

Middel en Laat Steentydperk klipwerktuie is tydens die ondersoek geïdentifiseer. Dit beteken dat die mens die gebied so ver terug as 130 000 jaar gelede benut het (Van Vollenhoven & Pelser 1998: 4).

**Vindplekke**

Die terrein wat gevind is, is aanvanklik as drie afsonderlike terreine geïnterpreteer, maar by 'n tweede besoek aan die gebied was die siening dat dit wel 'n enkele terrein is. Dit bestaan uit 'n hoeveelheid groot ashope, tussen 20 en 35m in deursnit. Onversierde potwerk, en 'n gedeelte van 'n maalklip is ook gevind. Laat Negentiende en Vroeg Twintigste eeuse glasskerwe is ook opgemerk.

Omdat die vindplekke deur die konstruksie-aktiwiteite vir die tolhek vernietig of versteur sou word, is daar besluit om 'n gedeelte daarvan (terrein 1) op te grawe (figuur 2). Hoewel dit wou voorkom dat die ashope uit vlak afsettings bestaan en gevolglik moontlik nie van besonderse kulturele waarde kon wees nie, was die gevoel dat die waarde daarvan in die verband tussen die ashope lê. Hierdeur sou inligting in verband met die terrein wat van belang vir die wetenskap kon wees vasgestel en gedokumenteer word.

**Terrein 1-opgrawings**

Die terrein is sowat 60m in deursnit en word deur 'n asagtige laag grond bedek. Twee groot ashope is die vernaamste verskynsels op die terrein. Die eerste ashoop is sowat 20m in deursnit, met potskerwe en beenmateriaal sigbaar op die oppervlak daarvan. Die tweede ashoop is sowat 30m in deursnit met soortgelyke kenmerke. Beide toon tekens van versteuring as gevolg van die aktiwiteite van diere soos erdvarke.

Twee toetsopgrawings is uitgevoer, een by elk van die ashope en het ten doel gehad om deur die moontlike kulturele lae te grawe ten einde meer kulturele materiaal en moontlike dateerbare materiaal te vind (figuur 3).


Die afsetting was sowat 20cm diep en het uit 'n enkele laag grys asagtige grond bestaan. Geen verskynsels is blootgelê nie. Artefakte wat gevind is, het uit potskerwe, beenmateriaal, tande en 'n stukkie van 'n skilpaddop bestaan. Slegs een kulturele laag is geïdentifiseer.

**Die potwerk**


Sestien stukke potwerk is gevind, maar slegs vier hiervan was benutbaar vir identifikasie- en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



3. **Terreinplan met die opgrawings daarop aangedui.**




4. **Sketse van die versierde Iconpotwerk wat te Joppa gevind is.**

vergelykingsdoeleindes. Dikker stukke potwerk, waarop geen versiering sigbaar was nie, is geïnterpreteer as skerwe van bierpotte (Persoonlike kommunikasie: A. Meyer). Die versierde potwerk is deur Huffman as Iconpotwerk beskryf. Omdat slegs enkele terreine met Iconpotwerk geïdentifiseer en gedokumenteer is, verhoog dit die belang van hierdie mededeling.

Die skerwe is te klein om 'n aanduiding van enige funksionele tipes te gee. Twee skerwe is weliswaar lipgedeeltes. Twee tipes versiering is onderskei. Die eerste tipe bestaan uit fyn parallelle insnydingslyne onderkant die lipgedeelte en kort, fyn, diagonale insnydings op die lipgedeelte. Die tweede tipe toon dieper, breë insnydings 'n entjie onderkant die lip en 'n insnyding direk bo-op die lip. Sommige skerwe het ook tekens van versiering met grafiet getoon (figuur 4).

## Organiese materiaal

Te min organiese materiaal is gevind om die terrein deur middel van 'n C14-datum te dateer. Nietemin is 'n hoeveelheid beenmateriaal gevind waarvan die spesies afgelei kon word. Slegs cf. Ovis/Capra (skaap-/bokspesie) is gevind, terwyl die tande wat opgegrawe is tot die spesie Capra hircus (skaap) behoort (Persoonlike kommunikasie: I. Plug).

## Gevolgtrekking

Vanweë die beperkte afsetting en min kulturele materiaal op die terrein teenwoordig, kan dit nie as 'n belangrike argeologiese vindplek beskou word nie. Om hierdie rede is daar aan-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

beveel dat die konstruksiewerk kan voortgaan (Van Vollenhoven e.a. 1998: 9).

Omdat die potwerk egter duidelik Iconpotwerk blyk te wees, is dit belangrik dat dit gedokumenteer en as mededeling aan die wetenskaplike wêreld beskikbaar gestel word, aangesien daar tot op hede slegs twee ander gedokumenteerde gevalle van Iconpotwerk bekend is. Hierdie gevalle is die Icon tipeterrein op die plaas Icon, naby Pont Drift in die Limpopo Provinsie (Hanisch 1979: 72) en 'n terrein naby Matoks, enkele kilometers suid van Joppa (Persoonlike kommunikasie: W. Fish).

Die terrein is slegs vir 'n kort tydperk benut, wat afgelei word uit die feit dat die afsetting relatief vlak is en die hoeveelheid artefakte min is. Die grootte van die ashope dui eerder daarop dat 'n relatief groot hoeveelheid mense, vir 'n baie kort tydperk die terrein beset het. Die moontlike bydrae van veldbrande tot die grootte van die ashope, kan ook nie misgekyk word nie.

Die terrein is waarskynlik vir 'n kort periode deur 'n groep veeherders benut, wat onderweg na 'n plek met genoegsame weiding vir hulle vee beweeg het. Om hierdie rede word daar ook geen permanente strukture soos hutte of klipmure aangetref nie. Gedomestiseerde vee, naamlik skaap en moontlik ook bokke is aangehou.

Die Icon tipeterrein, naby Alldays in die Limpopo provinsie, is op 1330 $\pm$50 n.C. (Pta 1652) gedateer (Hanisch 1979: 72; Boeyens 1998: 232; Persoonlike kommunikasie: T. Huffmann) wat dit in die middelfase van die Ystertydperk plaas. Voorheen was dit onseker presies wat die plek van Icon in die konteks van die Ystertydperk van Suidelike-Afrika is, omdat dit nie duidelik was of dit met enige potwerktradisie in die Limpopo Provinsie, oostelike Botswana of Zimbabwe verband hou nie.

Die mees uitstaande kenmerk van die Iconkultuur is die goed vervaardigde, netjies versierde en ongewone potwerk (Hanisch 1979: 79). Vandag word dit as deel van die vroeë Molokofase van die Laat Ystertydperk (of Middel Ystertydperk) gereken, maar genoegsame navorsing hieroor is nog nie gedoen nie (Boeyens 1998: 232; Van Schalkwyk 1998: 38; Persoonlike kommunikasie: W. Fish).

Die klein hoeveelheid artefakte wat opgegrawe is, maak enige afleidings twyfelagtig, omdat deeglike interpretasies nie op sulke klein versamelings gemaak kan word nie. Nietemin bly die aanmeld van 'n besonder rare potwerktradisie van belang vir die wetenskap.

**Erkennings**

Die skrywers bedank graag diegene wat hulp verleen het tydens enige fase van die projek. Professore A. Meyer, T. Huffman en dr. I. Plug word bedank vir hulle hulp met die ontleding van opgrawingsmateriaal.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

**Summary**

A survey of cultural resources was done on the site of the proposed Capricorn toll plaza in the Limpopo Province. Iron Age remains were identified and it was recommended that the site should be excavated.

A test pit was dug in each of two large ash middens. Only one cultural layer was uncovered, containing pottery and bones of domesticated animals such as sheep and goat.

Although only four potsherds had decorations, it proved to be Icon type pottery. The site is of no major importance as it contained little cultural material. However, as this is one of only a few reported finds of Icon type pottery, it is seen as an important discovery and worth mentioning to the scietific community.

No dateable material was excavated, but the Icon type site is dated to 1330 ±50 A.D. (Pta 1652), placing it in the middle phase of the Iron Age. Icon pottery seem to be part of the early Moloko phase of the Late Iron Age.

**Bronne**

Acocks, J.P.H. 1988. Veld types of South Africa. Pretoria: Botanical Research Institute.
Boeyens, J.C.A. 1998. Die Latere Ystertydperk in suidoos- en sentraal Marico. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
Fish, W. 1999.01.14. Persoonlike kommunikasie.
Hanisch, E.O.M. 1979. Excavations at Icon, northern Transvaal. S.A. Archaeological society Goodwin series, 3: 72-79.
Huffman, T. 1998.10.21. Persoonlike kommunikasie.
Meyer, A. 1998.08.13. Persoonlike kommunikasie.
Plug, I.. 1998.08.17. Persoonlike kommunikasie.
Van Schalkwyk, J.A. 1998. Archaeological investigation of the Beauly early Iron Age site in the Blouberg, Northern Province. S.A. Field Archaeology, 7: 35-41.
Van Vollenhoven, A.C. & Pelser, A.J. 1998. A phase 1 investigation of archaeological sites at the proposed Capricorn toll plaza, Soutpansberg district. Pretoria: Archaetnos.
Van Vollenhoven, A.C., Pelser, A.J., Teichert, F.E. & Kriel, P. 1998. Archaeological investigation of an Iron Age site at the proposed Capricorn toll plaza. Pretoria: Archaetnos.
Vermaas, M. 1998.06.26. Persoonlike kommunikasie.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011






Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

**Redaksionele beleid:**
Die Tydskrif publiseer navorsingsartikels, oorsigartikels, kort mededelings, boekresensies en kommentaar op artikels wat in die Tydskrif verskyn. Artikels moet in Afrikaans of Engels geskryf wees. Menings wat uitgespreek word is dié van die outeurs en kan nie aan die redaksie of Genootskap Oud-Pretoria toegeskryf word nie. Die Tydskrif verskyn minstens een keer per jaar.

**Voorlegging van manuskripte**
Die oorspronklike getikte manuskrip sowel as een duidelike afskrif, asook 'n rekenaardisket met die manuskrip daarop moet aan die redakteur voorgelê word. Die manuskrip sal deur 'n raadgewer en/of die redakteur nagegaan word ten einde dit op 'n aanvaarbare vlak te bring. Die vorm moet ooreenstem met die voorkoms van artikels in die jongste uitgawe van die Tydskrif.

**Titel en outeur**
Op die eerste bladsy van die artikel moet die titel daarvan, sowel as die naam van die outeur verskyn. Dit is wenslik dat die instansie waaraan die outeur verbonde is, sowel as 'n posadres aangedui word.

**Verwysings**
Dit is verkieslik dat die Harvardmetode gebruik sal word, maar voetnote en 'n bronnelys aan die einde van die artikel sal ook aanvaarbaar wees. Artikels sonder enige verwysingsmetode sal nie aanvaar word nie.

**Abstrakte**
Kort abstrakte in Afrikaans en Engels kan voorsien word, maar is nie noodsaaklik nie.

**Figure**
Alle figure moet opeenvolgend genommer word (bv. Figuur 6). Een stel figure moet ingedien word. Byskrifte moet op 'n los bladsy in die korrekte volgorde getik word.

**Kopiereg**
Outeurs is self verantwoordelik vir die verkryging van kopiereg en reproduksieregte. Die kopiereg van alle materiaal wat deur die Tydskrif gepubliseer word, berus by die Genootskap Oud-Pretoria.

**Redaksionele adres**
Die Redakteur, Pretoriana, Posbus 31064, Wonderboompoort, 0033.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## INSTRUCTIONS TO AUTHORS

**Editorial policy**
The Journal publishes articles, review articles, short communications, book reviews and comments on articles which have appeared in previous issues of the Journal. Articles must be written in English or Afrikaans. Opinions expressed are those of the author(s) and are not those of the editors or the Old- Pretoria Society. The Journal is published at least once a year.

**Submission of manuscripts**
The original typed manuscript and one legible copy, as well as a manuscript on computer disk (WP5.1) should be submitted to the Editor. The manuscript will be checked by a member(s) of the Editorial Committee in order to maintain a certain quality. The style of presentation should be in accordance withthat of articles in the latest issue of the Journal.

**Title and author**
The first page of the article must contain the title and the name of the author. The name of the institution with which the author is associated and a postal address may also be given.

**References**
A list of references must be given at the end of the article.

**Abstracts**
Short abstracts in English and Afrikaans may be submitted, but is not compulsary.

**Figures**
All figures should be numbered consecutively (eg. Figure 6). One set of figures must be submitted. Figure captions should be typed on a seperate sheet in the correct order.

**Copyright**
Authors are responsible for obtaining copyright and reproduction rights on all figures.
Copyright on all material published in the Journal is vested in the Old-Pretoria Society.

**Editorial address**
The Editor, Pretoriana, PO Box 31064, Wonderboompoort, 0033.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# Who restored

Erasmus Castle Pretoria
MariammenTemple Aziatic Bazaar
Landrosthof Bethal Mpumalanga
LouisTrechardt Memorial Maputo
NG Moederkerk Rustenburg
British High Commission Residence Maputo
British Embassy Antananarivo Madagascar
NG "Klipkerk" Heidelberg Mpumalanga
Eersteling Gold Mine Chimney Pietersburg
Bandstand Burgers Park
Melrose House Pretoria
Fort Klapperkop Pretoria

## AJ CONSTRUCTION

THE RESTORATION SPECIALISTS

PO Box 912 514, Silverton 0127
Tel (012) 804 1023
Fax (012) 804 1054
E-mail: ajgroup@mweb.co.za

AJK
SINCE 1969

*Member of the Gauteng Master Builders Association*


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# BERNARDI AUCTIONEERS

PRETORIA'S LEADING PRACTITIONERS
OF
FINE ART, ANTIQUE FURNITURE &
RARE BOOKS
ALSO
SPECIALIST SURVEYORS - VALUATIONS
UNDERTAKEN
ONLY AT
1271 CHURCH STREET EAST HATFIELD
PRETORIA
TEL: (012) 430 6914/5
FAX: (012) 430 6794

E-MAIL: bernardi@iafrica.com
VISIT OUR WEBSITE:
http// www.art.co.za/bernardiauctions
PO BOX 1858 PRETORIA 0001

CONTACT MICHAEL BERNARDI
ON: 082 445 1156


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011